education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2010

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 1 bylaag.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

2.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A | Opstel | 40 punte |
| AFDELING B | Langer transaksionele tekste | 20 punte |
| AFDELING C | Korter tekste | 20 punte |

3. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

4. Skryf in Afrikaans.

5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

6. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik vir jou beplanning, byvoorbeeld, ’n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK ’N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| Afdeling A | 60 minute |
| Afdeling B | 30 minute |
| Afdeling C | 30 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

9. Skryf die vraagnommer en die onderwerp neer.

10. Skryf jou eie titel neer as jy oor ’n prent in 1.5 skryf.

11. Skryf netjies en leesbaar.

12. Maak **BYLAAG 1 los van die vraestel** en **plaas dit voor in jou antwoordboek** as jy vraag 3.3 beantwoord.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Skryf 'n opstel van ongeveer 200 – 250 woorde oor EEN van die onderwerpe.

1.1 **EK HET AAN 'N KOMPETISIE DEELGENEEM**

[Uit: *Sarie*, Julie 2006]

Die graad 12-leerders het aan die einde van verlede jaar aan 'n belangrike kompetisie deelgeneem. Jy was een van die groepleiers.

Skryf 'n opstel en vertel van alles wat gebeur het.

Hou die volgende in gedagte:

- Watter soort kompetisie was dit (bv. sport, musiek, dans, debat, ens.)?
- Hoeveel groepe het deelgeneem?
- Waar was julle?
- Wat het alles gebeur?
- Watter probleme was daar?
- Hoe het jy gevoel toe jou groep klaar deelgeneem/gewen het? **[40]**

**OF**

1.2 **SÓ HET EK IEMAND SE LEWE GERED**

Eendag het jy iemand gesien wat in groot gevaar was. Jy was die enigste een wat die persoon kon red.

Skryf 'n opstel en vertel hiervan.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat het gebeur?
- Waar het dit gebeur?
- Wanneer het dit gebeur?
- Hoe het jy reageer? **[40]**

**OF**

1.3 **VOORBEREIDING VIR ’N ONDERHOUD**

Jy het aansoek gedoen vir werk en is vir ’n onderhoud genooi.

Skryf ’n opstel en vertel hoekom jy die ideale kandidaat vir die pos is. Hierdie opstel moet ná die onderhoud by die werkgewer ingelewer word.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat is jou persoonlike inligting (naam, van, adres, ouderdom, ens.)?
- Watter kwalifikasies en ervaring het jy?
- Waarom wil jy die werk hê?
- Wat maak jou so spesiaal dat jy bo ander kandidate dié werk moet kry? **[40]**

**OF**

1.4 **MY DROOMHUIS**

Elkeen droom oor die toekoms. Jy droom oor ’n sekere huis wat jy eendag wil hê.

Skryf ’n opstel oor jou droomhuis en beskryf hoe die huis moet lyk.

Hou die volgende in gedagte:

- Hoe moet die huis buite lyk?
- Hoe moet die huis binne lyk?
- Waarom sal die huis spesiaal wees? **[40]**

**OF**

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf ’n opstel daaroor.

15.1

[Uit: *Clip art*: organised clips] **[40]**

**OF**

1.5.2




[Uit: *Huisgenoot*, Maart 2009] **[40]**

**OF**

1.5.3

[Uit: *Move!*, Januarie 2009] **[40]**

**OF**

1.5.4

[Uit: *Huisgenoot*, November 2006] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Skryf ongeveer 80 – 100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

### VRAAG 2

2.1 **FORMELE BRIEF**

Dit het drie dae lank baie hard gereën. Die pad na julle huis is erg beskadig. Die munisipaliteit het nog nie die pad kom regmaak nie.

Skryf 'n brief aan die munisipaliteit waarin jy hulle vra om die pad te kom regmaak.

Hou die volgende in gedagte:

- Waar is die pad?
- Hoe het die reën die pad beskadig?
- Hoekom moet die munisipaliteit die pad kom regmaak? **[20]**

**OF**

2.2 **DIALOOG**

Meneer Baloyi en sy vriend, meneer Mushwana, kyk al die hele dag verskillende sokkerwedstryde op TV. Meneer Baloyi se vrou, Agnes, kry nie kans om haar program te kyk nie. Sy is kwaad, maar meneer Baloyi wil nie luister nie, want hulle kyk 'n baie belangrike sokkerwedstryd.

Skryf die gesprek tussen meneer Baloyi en sy vrou neer.

Begin hulle gesprek só:

Mevrou Baloyi: Ag nee, word julle nie moeg om sokker te kyk nie?

Meneer Baloyi: Agnes, jy pla ons!

LET WEL: Daar moet 'n reël oop tussen elke spreekbeurt wees. **[20]**

**OF**

2.3 **VERSLAG**

Die skoolhoof wil weet wat die populêrste DRIE TV-programme is waarna die leerders kyk. Jy het al die leerders gevra wat hulle populêrste TV-programme is en aantekeninge gemaak.

Jy het al die inligting ontleed en skryf nou vir die hoof die verslag. Die verslag gaan later in die skoolkoerant verskyn.

Hou die volgende in gedagte:

- Watter DRIE programme is die populêrste?
- Hoekom is dit die leerders se gunstelinge?
- Hoe verskil seuns en meisies se gunstelingprogramme van mekaar?
- Is televisie 'n populêre manier van ontspan vir leerders?
- Watter programme sal jy vir die leerders aanbeveel?
- Hoe lank moet 'n leerder per dag TV kyk? **[20]**

**OF**

2.4 **INFORMELE BRIEF**

Posbus 1425
Mamelodi
0020
12 Januarie 2010

Beste Pat

Ek het gedink dat jy my beste maat is. Ons vertel vir mekaar ons geheime, deel ons toebroodjies en doen ons huiswerk saam. Nou weet ek nie meer nie!

Jy weet hoe verlief ek op Mpho is! Mpho is so 'n spesiale persoon vir my. Hoe kan jy die persoon vir wie ek so baie omgee, steel? Ek het julle verlede week tydens pouse agter die bus gesien.

Julle het so naby aan mekaar gestaan en lekker gelag en gesels. Ek het gesien daar was 'n pakkie wat jy ontvang het. Wat gaan aan? Sal ek die laaste persoon wees om uit te vind?

Ek weet jy gaan vir my leuens vertel as ek jou direk uitvra, daarom skryf ek hierdie brief aan jou, sodat jy kan weet hoe ek voel. Ek is baie hartseer en wonder of jy ooit weer my beste maat sal kan wees.

Jou hartseer maat
Jean

Jou naam is Pat en jy het hierdie brief van Jean ontvang.

**Skryf terug** aan Jean om te verduidelik wat gebeur het. **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORTER TEKSTE

## VRAAG 3

Skryf ongeveer 60 – 80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

3.1 **INSTRUKSIES**

By **VRAAG 3.1** moet jy **VRAAG 3.1.1** en **VRAAG 3.1.2** beantwoord.

Daar is 'n nuwe persoon wat in die kombuis werk. Die persoon weet nie hoe om lekker koffie te maak, dit te bedien en daarna op te ruim nie.

3.1.1
- Hieronder volg TIEN instruksies oor hoe om 'n lekker koppie koffie te maak en te bedien.
- Rangskik die instruksies in die korrekte volgorde. Nommer hulle daarna van 1 – 10.
- Skryf die instruksies in volsinne.

**STAPPE OM TE VOLG:**

1. Roer die koffiepoeier en die kookwater saam.
2. Gooi een teelepel koffiepoeier in die koppie op die skinkbord.
3. Moenie die koppie te vol met kookwater gooi nie, laat plek vir die melk.
4. Skakel daarna die ketel aan.
5. Gooi eers genoeg water in die ketel vir een koppie koffie.
6. Gooi die kokende water in die koppie met koffiepoeier in.
7. Maak die melkbeker en die suikerpot vol voordat jy dit op die skinkbord sit.
8. Sit die koppie, piering, teelepel, suikerpot en melkbeker op die skinkbord neer, terwyl die water warm word.
9. Stap stadig met die skinkbord na die persoon wat jy wil bedien sodat jy nie die koffie stort nie.
10. Vee eers die pierings skoon as jy gemors het voordat jy die koffie bedien. (10)

**EN**

3.1.2 Hieronder volg dinge wat jy doen nadat jy vir jou gaste koffie bedien het.

Voltooi die sinne deur die woorde uit die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (a – j) en die korrekte woord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| opruim | kombuiskas | yskas | wasbak |
| seep | breek | vadoek | vertrek |
| waardeer | skottelgoed | vullisblik | besem |

Nadat jou gas (a …) het, moet jy die kombuis (b …). Maak al die (c …) bymekaar. Bêre die melk in die (d …) en die suikerpot in die (e …).

Sit al die vuil koppies in die (f …). Was die skottelgoed met water en (g …). Wees versigtig om nie die koppies te (h …) nie. Droog die koppies met 'n skoon (i …) af.

Almal (j …) altyd 'n mooi, skoon kombuis! (10)
**[20]**

**OF**

3.2 **KENNISGEWING**

Jy het jou beursie in 'n winkel verloor. Jy wil hê dat die persoon wat dit optel, dit vir jou moet gee.

Stel 'n kennisgewing op wat jy teen die winkel se venster kan plak sodat mense kan weet dat jy jou beursie verloor het.

Hou die volgende in gedagte:

- Hoe lyk die beursie?
- Waar presies het dit weggeraak?
- Is daar 'n beloning?
- Wat is jou kontakbesonderhede? **[20]**

**OF**

3.3 **UITNODIGING EN KORT BOODSKAP**

Een van julle klasmaats, Zanele, gaan weg. Jy is lid van 'n komitee wat 'n afskeidspartytjie vir Zanele reël. Jy moet die besonderhede op die uitnodigingskaartjie invul.

- Voltooi die AANGEHEGTE uitnodigingskaartjie. (BYLAAG 1)
- Skryf 'n voorbeeld van 'n mooi boodskap in DRIE SINNE aan Zanele op die AANGEHEGTE uitnodigingskaartjie en **kram die uitnodigingskaartjie in jou ANTWOORDEBOEK vas**. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

**BYLAAG 1**

**SENTRUMNOMMER:** | | | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

# Partytjie! Partytjie! Partytjie!
# UITNODIGING!!!

**Jy word uitgenooi**
**na die afskeidspartytjie van**
**ZANELE.**

**WANNEER?** _____

**WAAR?** _____

**HOE LAAT?** _____

**WAT IS DIE TEMA?** _____

**HOE MOET JY AANTREK?** _____

**WIE MAAK MUSIEK?** _____

**WAT MOET JY SAAMBRING OM TE EET/DRINK?** _____

**WATTER SPESIALE GASTE GAAN DAAR WEES?** _____

**HOE LAAT EINDIG DIE PARTYTJIE?** _____

- Elkeen moet vir ZANELE **'n kort boodskap** skryf.
- Skryf jou boodskap in **DRIE sinne** neer.
- Jy **wens haar alles van die beste** toe.

**JOU BOODSKAP AAN ZANELE:**

**Liewe Zanele**

1._____

2. _____

3. _____

.....
**(Jou naam)**

**RSVP:** ..... **KONTAKBESONDERHEDE:** .....

**[20]**

**LET WEL: Die toesighouer moet die uitnodigingskaartjie in jou ANTWOORDEBOEK vaskram.**

Kopiereg voorbehou